# DAG VAN NASIONALE VERSKONING

## 13 FEBRUARIE 2024

### Geskiedenis:

Die Verhaal van Eerste Nasie se Bevolking is meer as 60,000 jaar oud. Eerste Nasie se Bevolking het geweet wie hulle was, en waar hulle tuishoort. Die kultuur is egter versteur en beskadig oor vele generasies heen deur trauma en duur tot vandag toe voort.

Daarom dui hierdie gebeurtenis vandag die herdenking aan van die verskoning aan Australië se Inheemse Bevolkings gelewer deur voormalige Eerste Minister, Kevin Rudd, in die Huis van Afgevaardigdes op 13 February 2008, waar hy verskoning vra vir die wette, beleid en praktyke van die verlede wat ‘n impak gehad het op Australië se Eerste Nasie Bevolking, in besonder lede van die Gesteelde Generasies. Die mosie is ondersteun deur die Opposisie en aangeneem deur beide kamers van die Parlement; Brendan Nelson (voormalige Leier van die Opposisie) het ‘n formele respons gelewer. Talryke lede van die Gesteelde Generasies was aanwesig in die Vergadersaal om die Verskoning aan te hoor en duisende meer het die Groot Saal van Parlementshuis gevul en uitgestroom op die grasperke om op die groot skerms daarna te kyk. Die Verskoning is regoor Australië uitgesaai.

**Teks van die Verskoning aan die Gesteelde Generasies**

**Gelewer deur Eerste Minister Kevin Rudd**

Ek stel voor:

Dat ons vandag eer betoon aan die Inheemse bevolking van hierdie land, die oudste bestaande kultuur in menslike geskiedenis.

Ons reflekteer oor hulle mishandeling in die verlede.

Ons reflekteer in besonder oor die mishandeling van diegene wat Gesteelde Generasies was - hierdie bevlekte hoofstuk in ons nasie se geskiedenis.

Die tyd het nou aangebreek vir die nasie om ‘n nuwe bladsy in Australië se geskiedenis om te slaan deur die onregte van die verlede reg te stel en daardeur met vertroue die toekoms tegemoet te gaan.

Ons vra om verskoning vir die wette en beleidsrigtings van opeenvolgende Parlemente en regerings wat diepgaande verdriet, lyding en verlies berokken het aan hierdie, ons mede-Australiërs.

Ons vra veral om verskoning vir die verwydering van Australiese Inboorling en Torres Strait Eilandbewonerkinders van hulle families, hulle gemeenskappe en hulle land.

Vir die pyn, lyding en seer van hierdie Gesteelde Generasies, hulle afstammelinge en vir hullefamilies wat agtergelaat is, sê ons jammer.

Aan die moeders en vaders, die broers en die susters, vir die verbrokkeling van families en gemeenskappe, sê ons jammer.

En vir die onwaardige behandeling en vernedering aldus toegedien aan ‘n trotse bevolking en ‘n trotse kultuur, sê ons jammer.

Ons, die Parlement van Australië versoek eerbiedig dat hierdie verskoning ontvang word in die gees waarin dit aangebied word as deel van die genesing van die nasie.

Ons neem dit ter harte vir die toekoms; en onderneem dat hierdie nuwe bladsy in die geskiedenis van ons groot kontinent nou geskryf kan word.

Ons neem vandag hierdie eerste stap deur die verlede te erken en aanspraak te maak op ‘n toekoms wat alle Australiërs insluit.

‘n Toekoms waar hierdie Parlement onderneem dat die ongeregtighede van die verlede nooit, ooit weer mag gebeur nie.

‘n Toekoms waar ons die vasberadenheid van alle Australiërs, Inheems en nie-Inheems, inspan om die gaping in lewensverwagting, opvoedkundige prestasie en ekonomiese geleenthede wat tussen ons bestaan, te beëindig.

‘n Toekoms waar ons die moontlikheid aangryp van nuwe oplossings vir blywende probleme, waar ou benaderings gefaal het.

‘n Toekoms gebaseer op wedersydse respek, wedersydse vasberadenheid en wedersydse verantwoordelikhede.

‘n Toekoms waar alle Australiërs, ongeag hulle afkoms, waarlik gelyke vennote is, met gelyke geleenthede en met ‘n gelyke inset in die vorming van die volgende hoofstuk in die geskiedenis van hierdie wonderlike land, Australië.